

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 10 Oct 2018
Page: 8

AVE: 24002.01
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

# Tuks se vroue-sewes bobaas

Wilhelm de Swardt




**Nadine Roos het by die afgelope naweek se München Oktoberfest-toernooi elf drieë vir die Delta Drone Tuks vroue-sewesrugbyspan gedruk. Tuks was uiteindelik gemaklike wenners van dié toernooi.** Foto: REG CALDECOTT

Enigiemand wat die afgelope naweek die durf gehad het om 'n paar biere te verwed dat die Delta Drone Tuks Vroue-sewesrugbyspan vir 'n tweede agtereenvolgende keer geen punte in die Munchen Oktoberfest-toernooi sal afstaan nie, sou Sondag met 'n hoofpyn wakker geword het.

Statistieke sal bewys dat dit byna onmoontlik is vir dieselfde span om in dieselfde toernooi dit reg te kry om te wen sonder om een drie af te staan.

Maar dan is statistieke ook net syfers wat moontlikhede aandui. Soos daar altyd gesê word, wedstryde word op die veld gewen en nie op papier nie.

Tuks se vroue het die afgelope Saterdag vir die tweede agtereenvolgende jaar die München Oktoberfest-toernooi gewen. In vyf wedstryde het hulle 270 punte aangeteken en geen afgestaan nie. Verlede jaar het hulle 285 punte aangeteken. In die eindstryd is die Tabisuro Angels met 40-0 afgeransel.

Die Springbok sewes-speler, Nadine Roos, was Tukkies se groot uitblinker. Sy het 11 drieë gedruk en amper met al die vervyfskoppe geslaag wat sy waargeneem het. Dit het daartoe gelei dat sy aangewys as die vrouespeler van die toernooi.

Volgens Riaan van der Merwe (afrigter) het dit ook behoorlik keer gekos om Tuks se voormalige atletiek-kaptein, Meghan Phillips, te stop wanneer sy volspoed op pad doellyn toe was. In een wedstryd het sy vier keer agter die doellyn gaan kuier.

Maar soos almal weet kan jy die vinnigste spelers hê, maar sonder balbesit beteken dit niks. Dit was Kemi Baloyi wat die harde werk gedoen het. Keer op keer was dit sy wat balbesit bewerkstellig het. Sy was ook dodelik op die verdediging. Skynbaar pla 'n paar kneusplekke en skrape haar glad nie.

Tukkies se beseerde kaptein, Libby Janse van Rensburg, het hoeka 'n slag gespot deur te sê dat wanneer sy of haar spanmaats "gewond" raak is dit baie spesiaal, want dit gebeur net op internasionale velde. Janse van Rensburg het juis haar enkel vroeër op toer in die buiteland beseer.

Die Tuks-span spog met 'n ongelooflike vertoningslys as dit by internasionale toernooie kom. Van die ses waaraan hulle vanjaar deelgeneem het, het hulle twee gewen.

In twee toernooie was die span die naaswenners terwyl hy ook 'n slag derde geëindig het.

Daar bly nog een toernooi oor. Dit is in November in Doebai. Daar is 'n realistiese kans dat Tuks dalk teen die Springbokke se vroue-sewesspan kan uitdraf. Sou dit gebeur, sal daar baie op die spel wees. Die span wat wen sal daarop kan aanspraak maak dat hy Suid-Afrika se beste is.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.